# Dissipline-en-Tugbeleid

Hierdie dokument is die beleid van Primêre Skool Universitas oor algemene dissipline en optrede teenoor leerders wat hulle skuldig maak aan wangedrag.
Alle leerders is geregtig om skool te gaan in `n openbare skool wat `n veilige en geborge leeromgewing daarstel. Die skool is van voornemens om alle leerders van `n billike leergeleentheid te voorsien. Leerders wat dus nie die gedragskode van die skool eerbiedig nie sal dienooreenkomstig mee gehandel word.

## 1. INLEIDING

**1.1** Die Dissipline-en-tugbeleid moet streng saam met die Boeliebeleid en Selfoonbeleid van die skool gelees word aangesien dit deel vorm van die skool se dissiplinêre stelsel. Oortreding van die skoolreëls, klasreëls en wangedrag word hierin hanteer. **Die toepaslike straf indien nodig sal bepaal word deur:**

a) Die graad van die oortreding.
b) Aantal vorige oortredings.
c) Of die oortreding met opset gedoen is.
d) Hoeveel oortedings in die betrokke jaar begaan is.

Die oortredings hieronder vermeld en die strawwe vir die betrokke oortedings dien as riglyn van wat te wagte kan wees vir `n bepaalde oortreding.

1.2 Die dissiplinehoof/interne tugkomitee of in ekstreme gevalle, eksterne tugkomitee van die Beheerliggaam het steeds `n diskressie om `n ander toepaslike straf op te lê waar nodig.

1.3 Indien die hoof/dissiplinekomitee of die Beheerliggaam van oordeel is dat die oortreding ernstige wangedrag impliseer wat uitsetting uit die skool regverdig, mag die Beheerliggaam `n onafhanklike Voorsittende beampte vir die tugverhoor aanwys.

1.4 Wanneer `n oortreding gerapporteer word aan die hoof/adjunkhoof/ dissiplinehoof of indien die hoof/adjunkhoof/dissiplinehoof ondersoek instel na so beweerde oortreding sal die hoof/adjunkhoof/dissiplinehoof die reg hê om die betrokke leerder se liggaam en/of goed te deursoek, indien daar `n redelike vermoede bestaan dat so `n leerder in besit is van `n item wat na die hoof/adjunkhoof/dissiplinehoof se oordeel verband hou met die klagte, en besit te neem van enige voorwerpe wat na bewering betrokke was tydens die pleging van die oortreding.

**<u>Met dien verstande dat as die beweerde oortreder `n dogter is, `n dameslid van die personeel haar sal deursoek.</u>** Sodanige artikels sal deur die skool in veilige bewaring gehou word tot by afhandeling van die tugoptrede teen die leerder, waarna die tuginstelling wat die tug toepas het dit aan die regmatige eienaar daarvan moet terug besorg.

1.5 Indien `n leerder tydens middagstudie of buite skoolure hom/haar skuldig maak aan wangedrag soos hierbo uiteengesit, die ouers in kennis gestel sal word en dat dissiplinêre optrede na gelang van die oortreding sal volg volgens hierdie tugstelsel.

**Die skool beskik oor `n Uitvoerende Dissiplinekomitee wat alle ernstige gevalle hanteer wat `n formele dissiplinêre verhoor vereis.**

1. **<u>Uitvoerende Dissiplinekomitee:</u>**

   **Mnr. Wessel Groenewald – BL ondervoorsitter**
   **Mnr. Neels Gunter**
   **Mnr. Hennie Botha**
   **Me. Lizette Buys – GSF**
   **Mnr. Nicolaas Slabbert – SF**
   **Me. Yolande Henderson – Ondersteuningsdienste**
   **Me. Karen Marais – Notuleerder**

**Die dag tot dag bestuur i.t.v. dissipline word as volg verdeel:**

2. **<u>Dissiplinekomitee</u>**

   Adjunkhoof
   Departementshoofde
   Middagstudiehoof verteenwoordiger (alle middagstudie gevalle).
   Ondersteuningsdienste - Me. Yolande Henderson - alle gevalle waar dogters betrokke is.
   Graadhoofde

3. **<u>Ander verantwoordelike personeel</u>.**

   Voorvalle tydens saalopening – leerderraadvoogde
   Voorvalle tydens pouses – personeel op terreindiens.
   Alle klasdissipline – klasonderwysers.

## 4. <u>Detensie</u>

- Detensie vind op Vrydae, tydens langpouse plaas, maar in meer ernstiger gevalle kan dit meer as een pouse van die week wees.
- Hierdie tipe detensie sal bekend staan as "***pouse-detensie***" en sal deurlopend gedurende die kwartaal plaasvind en bepaal word volgens die vlak van oortreding en hoeveelheid oortredings. Die volgende tye word aan die vlak van oortreding gekoppel:

  Vlak 1 oortreding – Geen detensie, slegs waarskuwing d.m.v. mondelinge gesprek wat deur personeellid aangeteken word.

  Vlak 2 oortreding: 20 min detensie (1 pouse) – (Pouse detensiebrief)

  Vlak 3 oortreding: 40-60 min detensie (2-3 pouses en word volgens meriete hanteer) - (Week detensiebrief)

  Oortredings van vlakke 4 en 5 word onmiddellik deur die hoof in samewerking met die dissiplinekomitee hanteer. Ouers word onmiddellik gekontak. (Kwartaal detensie of dissiplinêre verhoor)

**Let op na die volgende:**

- Leerders wat pouse detensie sit, moet hul getekende bewyse na die klas van die personeellid op diens bring.
- Personeellid op diens moet die name van leerders wat detensie sit, op die lys afmerk en liasseer in die leêr wat daarvoor geskep is.
- In **uitsonderlike gevalle**, **nadat die lynfunksies toegepas is,** kan GSF-leerders in aanmerking kom vir 1 pouse-detensie van 20 min.

## 5. <u>Kwartaaldetensie</u>

- ***"Kwartaal-detensie"*** bly steeds van krag in ernstiger gevalle van wangedrag. \`n Wysiging is dat dit voortaan op \`n Vrydagmiddag aan die einde van \`n kwartaal van 14:00 – 16:00 (120 min) sal plaasvind.
- Ouers van leerders wat hulle skuldig maak aan ernstige gevalle van wangedrag en waar "kwartaal-detensie" van toepassing is sal vroegtydig telefonies, per dissiplinebrief en in \`n onderhoud ingelig word rakende die aangeleentheid.

## 6. <u>Ernstige gevalle</u>

- Indien \`n leerder hom/haar egter skuldig maak aan **<u>herhaalde ernstige</u>** oortredings kan die volgende stappe geneem word:
  a) Informele dissipline vergadering met betrokke leerder/s in die teenwoordigheid van \`n voog of ouers.
  b) Evaluasie deur sielkundiges en terapeute.
  c) Aanmelding by die Beheerliggaam vir verdere prosedures en aksies.
  d) Dissiplinêre verhoor waar die **Uitvoerende dissipline komitee** betrek word.

- Ander strawwe wat toegepas mag word sluit in die weerhou van sekere voorregte wat bepaal word volgens die graad van ernstige ootredings wat begaan is en vlak van samewerking wat gegee word. Dit sluit in voorregte soos bv:
  a) Onttrekking aan `n sportspan of toer.
  b) Weerhouding van deelname aan kampe (VCSV/Voortrekkers).
  c) Bywoning van sosiale geleenthede by die skool.
  d) Diskwalifikasie om op leerderraad verkies te word.

## 7. Algemeen

Boeliegedrag is `n toenemende probleem in skole. Tjokkies beskou dit in `n baie ernstige lig. Hierdie beleid moet dus saam met die gedragskode van leerders en die boeliebeleid wat op die webtuiste beskikbaar is gelees word.
Alle dissipline-voorvalle wat deur personeel hanteer word, word aangeteken en gerekordeer.
`n Weeklikse dissipline verslag word volgens voorskrifte aan die Onderwysdepartement vir rekordoeleindes gestuur. (SA SAMS)

## 8. Oortredings volgens vlakke.

### 8.1 Vlak 1-oortreding:

In die geval van vlak 1-oortredings word die leerder aangespreek deur die betrokke klasonderwyser of personeellid met die hoop dat samewerking verkry sal word.
Alhoewel `n Vlak 1-oortredings dui op `n "**geen detensie**" kan so `n leerder wel in aanmerking kom vir "***pouse-detensie***". Indien dit dus by herhaling plaasvind sal die ouer deur u kind se klasonderwyser/dissiplinehoof d.m.v. e-pos, oproep, brief of `n sms in kennis gestel word .

**Voorbeelde van die tipe oortredings**

- Kom laat vir klas.
- Verlaat klas sonder toestemming.
- Eet/Drink in klas.
- Kougom kou
- Het nie huiswerk voltooi/gedoen nie.
- Oneerlik met ligte nagevolge.
- Verkeerde kleredrag sonder toestemming.
- Ignoreer opdragte van leerkragte in klas.
- Rommel strooi op terrein.
- Toetsuitslae nie geteken nie.
- Boeke by die huis vergeet.
- Hardloop op stoepe.
- Loop rond in klas / Pla ander leerders in klas.
- Werk of huiswerk afgeskryf.

## 8.2 Vlak 2- oortreding:

In die geval van `n vlak 2-oortreding maak die leerder hom/haar skuldig aan wangedrag en kwalifiseer hy/sy vir ***"pouse-detensie"***. Alle oortredings word gerekordeer en op die databasis gestoor.
LW- Indien 'n leerder afwesig is op betrokke dag van detensie, staan dit oor na die volgende pouse-detensie. Persone op diens, sal dit monitor.

**Voorbeelde van die tipe oortredings**

- Herhaalde oortredings van Vlak 1 oortredings. (4 herhalings)
- Vloek en vuil taal.
- Stokkiesdraai van klasse.
- Afkyk gedurende die toetse/eksamen.
- Ander leerders se veiligheid verbaal dreig.
- Verlaat skoolterrein sonder toestemming.
- Afknou van leerders/Boeliegedrag.
- Gebruik van tegnologie (bv. Selfoon) sonder toestemming.
- Herhaalde verbale ongehoorsaamheid.
- Ondermyn van gesag – Personeel/Leerderraad.
- Ongewensde speelgoed wat ander kan beseer.
- Wangedrag tydens saal, klaswisseling en ander openbare plekke.

## 8.3 Vlak 3-oortreding:

In die geval van `n vlak 3-oortreding maak die leerder hom/haar skuldig aan ernstige wangedrag en kwalifiseer hy/sy vir week-detensie (2/3 pouses). Hierdie gevalle word na die dissiplinehoof verwys. Die ouer word gekontak terwyl die oortreding gerekordeer word. Insidenteverslag word voltooi.

**Voorbeelde van die tipe oortredings**

- Herhaaldelike oortredings van Vlak 2 oortredings. (3 herhalings)
- Mede leerder/personeelid met opset beseer/aanrand.
- Besit van Alkohol of Narkotiese items.
- Besit of gebruik van gevaarlike wapen.
- Diefstal
- Vandalisme
- Fisiese geveg met mede leerder.

8.4 **Vlak 4 en 5 – oortreding:** **(Kwartaal detensie of dissiplinêre verhoor)**

In die geval van vlak 4 of 5-oortredings word die saak onmiddellik na skoolhoof verwys. Ouers word dadelik gekontak, asook relevante Beraders, Maatskaplike werkers, SAP ens. indien nodig. Insidenteverslag word voltooi.

**Voorbeelde van die tipe oortredings (Vlak4)**

- Herhaaldelike oortredings van Vlak 3 oortredings. (2 herhalings)
- Dreig met `n gevaarlike wapen.
- Ander persoon se eiendom opsetlik beskadig.
- Besit en verspreiding van pornografie.

**Voorbeelde van die tipe oortredings (Vlak 5)**

- Herhaaldelike oortredings van Vlak 4 oortredings. (1 herhaling)
- Besit en verspreiding van Dwelms of Narkotiese middels.
- Aanranding.
- Seksuele wangedrag en aanranding.
- Roof of erge diefstal.
- Met voorbedagte rade `n gevaarlike wapen gebruik.

**9. Wysiging van beleid**

Die bestuurspan/skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, aanpas of verander.

ONDERTEKEN TE Bloemfontein OP HIERDIE ____________________
DAG VAN 20___

| | | |
|---|---|---|
| J Kriel | H. Botha | N. Gunter |
| Voorsitter vd Beheerliggaam | Dissiplinehoof/ Adjunkhoof | Skoolhoof |